

Die ouderdom van die aarde

Die ouderdom van die aarde – Coen Slabber

Anton vra:

Hoe oud is die aarde? Hoe waar is die “gap-teorie”? Is daar ‘n lang tydperk wat afgespeel het tussen Genesis 1:1 en Genesis 1:2?

Antwoord:

Geskryf deur Coen Slabber na ‘n onderhoud met Dr Louw Alberts

Hoe oud is die aarde?

Daar is mense wat glo dat die aarde tussen 6 000 en 10 000 jaar oud is. Hulle aanvaar die ses dae vermeld in Genesis 1 is ses gewone dae elk 24 uur lank. Daarna is die geslagsregisters in die Ou Testament gebruik om die datum van die skepping te bereken. Hulle glo dat Genesis 1 geskiedkundige inligting aan ons oordra. Maar daar was geen mens teenwoordig wat die gebeure kon neerskryf nie. God was die enigste getuie wat teenwoordig was en Hy het dit in ‘n openbaring aan Adam of Moses of iemand anders bekend gemaak.

Wetenskaplikes het egter bevind dat daar bewyse is dat die aarde heelwat ouer is – tussen 4,5 en 4,6 biljoen jare oud. Omdat God Hom ook in die natuur openbaar, kan hierdie bevindings nie sommer geïgnoreer word nie. Hierdie siening van ‘n “ou aarde” berus veral op geologiese (insluitend fossiele) en radiometriese data (die gebruik van radio-isotope).

Hoe waar is die gapingsteorie?

Baie wetenskaplikes aanvaar die wetenskaplike bevindings sonder om die verband met die Genesis 1 verhaal te probeer

verduidelik. Ander wil nie Genesis 1 sommer van die tafel af vee nie. Hulle gee die volgende verduidelikings om die twee sienings (ou en nuwe aarde) te probeer versoen:

(a) Die dae was nie gewone dae soos ons dit ken nie – hulle was baie langer as 24 uur. Ons dae is slegs beelde van God se skeppingsdae.

(b) Die raamwerk-interpretasie. Hiervolgens is die gebruik van die sewe dae 'n raamwerk om die voltooide skeppingswerk voor te stel. Die dae is dus simbolies. Voorstanders wys op die parallellisme tussen dag 1 tot 3 en dag 4 tot 6: Dag 1 praat van lig en dag vier van ligdraers; dag 2 praat van waters en die hemelkoepel en dag 5 van inwoners van die see en voëls wat vlieg in die hemelruim; dag 3 praat van land en dag ses van landbewoners.

(c) Die gapingsteorie. Daar is wetenskaplikes wat beweer dat Genesis 1:1 – 2 verwys na 'n tydperk voor die skeppingsdae. Hierdie lang tydperke waarvan die geoloë praat, kan in die periode tussen verse 1 en 2 ingepas word – dit wil sê voor die ses skeppingsdae. Die ses skeppingsdae verwys dus nie na die oorspronklike skepping nie, maar na die herstel of herskepping van die aarde.

Hierdie is nie 'n nuwe twispunt nie. Augustinus het reeds gesê dat dit baie moeilik vir die menslike verstand is om die doel van die skrywer met hierdie ses dae te verstaan. Hy wys daarop dat die eerste drie dae nie gewone dae was nie, want daar was geen son nie. Hy het geglo dat die skepping onmiddellik plaasgevind het, maar oor ses dae geopenbaar is, waarskynlik aan die skrywer van Genesis 1.

Vir my is die primêre boodskap van Genesis 1 dat daar net een Skeppergod is.

Outeur: [Dr Coen Slabber](#)

Die kuns van antieke brief

Die kuns van antieke brief – Kobus Kok

Vandag skryf ons somer vinnig 'n brief, sms of epos sonder om regtig te beplan. Ons lees dan ook die briewe van Paulus so asof dit vir Paulus en die mense van sy dag net so vinnig was om gou 'n brief te skryf en aan iemand anders te stuur. In die antieke Romeinse wêreld was briewe skryf 'n langsame en dikwels duur proses.

Die antieke mense het amper op enige ding moontlik geskryf, van klei tablette (*cuneiform*) potskerwe (*ostraca*), diervelle, hout, ens. Die mees algemene materiaal wat gebruik was, was papyrus wat welig in die delta van die Nylrivier gegroei het. 'n Papyrus bladsy in die antieke tyd was ongeveer so groot soos ons A4 bladsy vandag (9.5×11.5 duim) en kon ongeveer 200 woorde bevat. Die penne wat hulle gebruik het was skerp-gemaakte veer- of riet-punte en die ink is gemaak van roet en booggom. Indien die punt van die pen natgemaak is, dan sou die ink bietjie smelt en dan het hulle op die papyrus geskryf. Mens kon ook nie somer net jou foute uitvee nie, en daarom het mense baie deeglik beplan wat hulle wou sê en dikwels van professionele skrywers gebruik gemaak, bekend as *amanuensis*. Indien mens dit weet, raak tekste soos Galasiërs 6:11; 1 Korintiërs 16:21; Kolossense 4:18; 2 Tessalonisense 3:17 en Filemon 19 baie interessant. In eersgenoemde (Galasiërs 6:11) skryf Paulus teen die einde van die brief dat dit nou hy persoonlik is wat met die vreeslike groot letters



skryf. Daarmee het hy net vir die ontvangers van die brief aangetoon dat dit regtig hy is wat die brief geskryf het.

In vergelyking met ander antieke briewe tot ons beskikking vind ons die volgende interessante gegewens as dit met Paulus se briewe vergelyk word: Die gemiddelde lengte van persoonlike briewe van die antieke tyd is ongeveer 90 woorde. Die korste NT boeke wat ons vandag het (2 + 3 Johannes) bevat nie minder nie as 245 en 219 woorde. Teenoor die bekende Romeinse orator Cicero wie se briewe dikwels net 295 woord beslaan, skryf ons geleerde vriend Paulus gemiddeld 1300 woorde en 'n brief soos Romeine beslaan nie minder nie as 7100 woorde. Teen die agtergrond van die gemiddelde tendens in die antieke tyd het die NT briewe dus grootskaalse produksies beteken – en dit in 'n tyd toe die produksie van briewe 'n duur en langsame proses behels het.

Die briewe in die Nuwe Testament kan soos volg ingedeel op gegroepeer word:

- Die *pastorale Briewe* (1 Timoteus; 2 Timoteus; Titus) – hierdie drie briewe is geskryf aan medewerkers van Paulus wat pastorale leierskapposisies in die kerk beklee het.
- Die *gevangenisskap briewe* (Efesiërs; Filippense; Kolossense; 2 Timoteus en Filemon) – is die vyf briewe wat wil voorkom of dit geskryf is deur Paulus vanuit die tronk(e).
- Die *algemene briewe* (Jakobus; 1+2 Petrus; 1-3 Johannes; Judas) – hierdie briewe het dit almal in gemeen dat dit aan die kerk in die breë gerig is.

Die briewe in die NT moet verstaan word as *geleentheidsgeskifte* aan gemeentes. Paulus het byvoorbeeld nooit in sy lewe self gedink dat sy briewe uiteindelik deel sou vorm van 'n boek wat mense die Christene se Bybel sou noem nie. Paulus die apostel, kerkplanter en leier van gemeentes het gewoon op grond van bepaalde probleme en dies meer, briewe

aan gemeentes geskryf omdat hy nie self persoonlik by hulle kon wees nie. Hierdie briewe was genoodsaak deur bepaalde situasies in die gemeentes en dus histories gerig aan bepaalde mense, in 'n bepaalde tyd en op grond van 'n bepaalde situasie. Dikwels verwag ons baie meer van die NT briewe van Paulus as wat dit ooit bedoel was om te wees. Daarom is dit belangrik dat enige iemand wat ernstig is om meer van die Bybel te weet, ook 'n studie doen rondom die moontlike historiese situasie waarin die briewe geskryf is. Daar is vandag baie boeke op die mark wat agtergrond studie vir mens verskaf. By die Universiteit skryf ons standaard *Inleidings tot die Nuwe Testament* voor vir studente. Deesdae is hierdie boeke selfs by toonaangewende Christen boekwinkels te koop. Hier onder is enkele bronne:

1. Powell, Mark Allan 2009. *Introducing the New Testament*. Grand Rapids: Baker Academic

Du Toit, AB. Handleiding by die Nuwe Testament (band 1-6). Orion Uitgewers.

Outeur: [Dr Kobus Kok](#)

Efese

Efese – Coen Slabber

In Handeling 16:6 lees ons dat die Heilige Gees Paulus verhinder het om die Woord in die provinsie Asië (wat Efese sou insluit) te verkondig. In Handeling 18:19 – 21 lees ons dat Paulus Efese besoek het. Hierdie was waarskynlik 'n kort besoek, want Paulus was op pad Jerusalem toe. Hierdie kort

besoekie was genoeg vir Paulus om die potensiaal van die stad raak te sien. In Handeling 19:1 lees ons dat Paulus deur die binneland gereis het en weer in Efese aangekom het. Dit was of die einde van die jaar 52 of die begin van die jaar 53. Efese was aan die oorkant van die Egeïese See as Korinte geleë. Paulus het langer in Efese as in enige ander stad gebly – amper drie jaar. Ons lees dat hy later die ouderlinge van Efese in Milete ontmoet het en vir Timoteus gestuur het om die gemeente in Efese te bedien. Volgens oorlewering het Johannes die laaste dae van sy lewe daar deurgebring.

As jy vandag die waarde van 'n gebou bepaal, is een van die belangrikste vrae om te vra: Waar is dit geleë? Jy gaan tog nie 'n vyfster restaurant in 'n agterstraatjie open nie. Dieselfde geld vir Efese. Sy ligging was baie belangrik. Dit was langs die Middellandse See geleë. [Vandag kan 'n mens dit skaars glo, want die ou hawe het heeltemal toegeslik.] Dit is waar die hoofweg begin het wat ooswaarts tot in die hart van Asië en Sirië geloop het. Hier het die see- en landhandel bymekaar gekom. Dit was die handelsentrum van Klein-Asië – en die hoofstad van die Romeinse provinsie van Klein-Asië. Augustus self het besluit dat Efese die hoofstad moet wees. Dit was die sentrum van die keiserlike teenwoordigheid in die streek. Tydens Augustus se tyd as keiser het Efese gedeel in die algemene voorspoed van die Ryk – die gevolg van die *pax Romana* ('n tyd van relatiewe vrede). Dit ontvang dan ook die titel “die eerste en grootste metropolis van Asië” – 'n besondere eer.

Dit was 'n ryk stad. Waterleidings is gebou, strate is uitgelê en geplavei, markplekke is vergroot, monumente, standbeelde en baie mooi geboue is opgerig – alles in navolging van die Romeinse tradisie van destyds. Die Pan-Ioniese spele is daar gehou. Mense het van heinde en verre gekom om hierdie spele by te woon. Om president van hierdie spele te wees was 'n groot eer.

Daar was 'n groot amfiteater met sitplek vir tussen 20 en 25 duisend mense. Die amfiteater was 'n semisirkel gebou in die kant van 'n heuwel. 'n Straat wat van oos na wes geloop het, het van die amfiteater na die hawe geloop. Langs die straat was daar allerlei winkeltjies. Net suid van die amfiteater was die *agora*, die sentrale mark. Die mark was omring deur suile. Oral was standbeelde van Augustus, Livia en lede van die keiserlike familie. Noord van die mark en teater was die administratiewe geboue – die *palaestra*. Net langs die administratiewe gebou was die openbare badens en gimnasium. 'n Tweede gimnasium met 'n groot stadion vir spele en resies is waarskynlik tydens die bewind van Nero opgerig. Dit was in die noordelike deel van die stad. 'n Groot aardbewing in die jaar 23 het baie geboue verwoes, maar die Efesiërs die stad selfs meer buitensporig herbou.

Efese was bekend as 'n godsdienssentrum – die tuiste van baie verskillende kultusse. Die kultus wat oorheers het, was die van Artemis (Artemis was die Griekse naam en Diana die Latynse naam vir dieselfde godin) van die Efesiërs. Selfs Grieke en sogenaamde “barbare” het haar aanbid. Sy is aanbid as die vrugbaarheidsgodin. Haar invloed het elke aspek van die Efesiërs se lewe deurdrenk – burgerlik, ekonomies en kultureel. Haar tempel, die *Artemesium*, was buite die stadsmure geleë en word algemeen gereken as een van die sewe wonders van die antieke wêreld. Die tempel het op 'n platform gestaan 120 X 70 meter groot. Daar was tien trappe tot op die platform en nog drie trappe tot by die werklike gebou. Die tempel was meer as 100 meter lank, 70 meter breed en 18 meter hoog. Daar was 127 pilare – elk die geskenk van 'n koning. Elke pilaar was gemaak van marmer uit Paros. In die middel van die gebou was die altaar – 6 X 6 meter groot en die kolossale beeld van die godin. Die altaar was die werk van Praxiteles, die grooste van al die Griekse beeldhouers. Artemis se beeld

was swart met baie borste – ’n teken van vrugbaarheid. Die beeld van Artemis was so oud dat niemand seker was waar dit vandaan kom en hoe oud dit was nie. Daarom is geglo dat die beeld uit die hemel geval het! Die tempel was nie alleen ’n getuie van die Efesiërs se toewyding aan haar nie, maar ook ’n teken van die voorspoed van die bewaarders van die kultus.

Die Efesiërs was trots op hulle godin. Luister net na die stadsklerk as hy die skare tot bedaring bring: *Efesiërs ... watter mens weet nou nie dat die stad van die Efesiërs die beskermer is van die tempel van die groot Artemis en van haar beeld wat uit die hemel geval het nie?* (Handelinge 19:35).

Ons is bewus van twee jaarlikse feeste ter ere van Artemis wat in Efese gehou is:

- (a) Die *Artemesia* in Maart-April
- (b) Die viering van Artemis se verjaardag in Mei-Junie.

Tydens hierdie feeste was daar kompetisies, optogte en bankette. Besoekers van dwars oor die Griekse wêreld het die vierings bygewoon. Die inkomste van die tempel was verstommend. Omdat die tempelsterrein beskou is as heilig en niemand dit sou waag om daar te oortree nie, het dit as veilige bank vir die rykes gedien. Die toneel in Handeling 19:23 – 41 waar die vakmanne in opstand kom omdat Paulus hulle besigheid nadelig beïnvloed het, is beslis baie moontlik. Dit wys net vir ons hoe ekonomiese, burgerlike en godsdienstige sake ineengestremel was.

’n Ander belangrike kultus in Efese was keiseraanbidding. Reeds in 29 vC het Augustus aan hulle die reg verleen om heilige gebiede langs die administratiewe gebou aan *Dea Roma* en *Divus*

Iulius toe te wy. Keiseraanbidding het alle aspekte van die bevolking se lewe geraak. Dit gaan gepaard met veelvuldige feeste, optogte en spele. Geen inwoner van Efese was nie bewus en beïnvloed deur die kultus nie. Die keiserkultus en die aanbidding van Artemis was nie kompetisie vir mekaar nie.

Maar Efese was ook die tuiste van misdadigers. Misdadigers kon by die tempel van Artemis asiel gekry het. Enige misdadiger wat die tempelterrein bereik het, was veilig. In die tyd van Paulus word dit bereken dat Efese tussen 200 000 en 250 000 inwoners gehad het – party sê selfs so veel as 500 000 inwoners. Efese was die derde grootste stad in die Romeinse Ryk naas Rome en Aleksandrië.

Efese het 'n redelike groot Joodse bevolking gehad. Hierdie Jode het baie voorregte geniet: hulle was vrygestel van militêre diens, hulle kon as Jode bymekaarkom, hulle kon die tempelbelasting invorder en het toestemming gehad om hulle eie rituele en gebruike te volg. Van die Jode het selfs Romeinse burgerskap gehad. Hulle het 'n belangrike rol in die stad se burgerlike en handelslewe gespeel. Volgens Josefus was daar een of meer sinagoges in die stad. In Handeling 18:19 lees ons dat Paulus na die sinagoge is *waar hy met die Jode geredeneer het*.

Paulus se verblyf in Efese was waarskynlik die suksesvolste deel van sy hele bediening. Lukas vertel nie veel van hierdie tyd nie. Hy konsentreer op die skeuring in die sinagoge. Vir drie maande het Paulus *met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig*. Van die mense het die evangelie belaglik probeer maak. Paulus en die gelowiges verlaat die sinagoge en hou daagliks in die saal van Tirannus besprekings. Lukas

beskryf dit as 'n skeiding en nie dat die gelowiges uitgeban is nie. In die saal van Tirannus vergader Paulus-hulle vir twee jaar lank.

Om die saal te huur, moes Paulus 'n paar welgestelde ondersteuners gehad het om die huur te kan betaal. Moontlik was dit die *hoë amptenare van die provinsie* (Handelinge 19:31). In van die ou tekste lees ons dat Paulus van 11:00 tot 16:00 (Die tyd vir die Middellandse *siësta*) besprekings gehou het. Verder het hy homself met sy twee hande onderhou. Die skuif van die sinagoge na die saal het sy besprekings meer toeganklik vir die inwoners van Efese gemaak – Jode sowel as Grieke.

Omdat Efese die hoofstad van die provinsie was, het mense dikwels na en van die stad gereis . Ons kan in ons verbeelding sien hoe spanne uitgestuur word om die evangelie verder te verkondig – suidwaarts na Magnesia en Miletus, noord na Smirna en Pergamum en in die valleie op na Laodisea, Hiërapolis, en Kolosse en na stede soos Sardis, Filadelfia en Tiatira. Dit was uit Efese waar Paulus sy bekende briewe aan die Korintiërs geskryf het. Party geleerdes glo dat Paulus se tronkbriewe (Filippense, Kolossense en Filemon) geskryf is terwyl hy in Efese in die tronk was.

Efese voldoen in alle opsigte aan Paulus se strategiese plan – 'n groot, besige stad wat 'n invloed op die omgewing uitgeoefen het. Efese dien as 't ware as 'n spilpunt vanwaar die evangelie versprei is.

Outeur: [Dr Coen Slabber](#)

Filippi

Filippi – Coen Slabber

Ons gaan voort met ons beskrywing van belangrike stede wat Paulus besoek het en waarin hy gemeentes gestig het. Vandag kyk ons na Filippi.

In Troas sien Paulus in die nag in 'n gesig 'n Masedoniese man wat by hom staan en sreek: *Kom oor na Masedonië toe en help ons* (Handelinge 16:9). Hy vaar van Troas na Samotrake en Neapolis en vandaar gaan hy na Filippi. Dit was in die jaar 49 of 50. *In hierdie stad het ons 'n paar dae gebly* (16:12). Hierdie gemeente was die eerste gemeente op Europese bodem. Lukas se vertelling van Paulus se besoek fokus op drie persone: Lidia, 'n Griekse slavin met 'n waarsêersgees en 'n Romeinse tronkbewaarder.

As Paulus 'n plek soek om die evangelie te verkondig, doen hy dit uit 'n strategiese hoek. Hy soek altyd 'n groot of belangrike stad uit. 'n Tweede vereiste was dat die stad 'n sleutelrol in die omgewing moes gespeel het. Lukas beskryf Filippi as *'n belangrike stad in daardie deel van Masedonië* (16:12). Selfs vandag nog is baie van hierdie stede wat Paulus gekies het belangrike pad- en spoorwegaansluitings.

Filippi voldoen aan Paulus se vereistes. Daar was veral drie aansprake wat Filippi kon maak:

(1) In die omgewing was daar goud- en silwermyne. Hierdie myne was sedert die tyd van die Fenisiërs ontgin. In Paulus se tyd word hulle nie meer aktief ontgin nie, maar hulle het gesorg dat Filippi 'n belangrike handelsentrum in die antieke wêreld was.

(2) Die stad is gestig deur en vernoem na Filippus II, die vader van Aleksander die Grote. Dit is geleë op dieselfde plek as die antieke stad *Krēnides* (dit beteken die putte of fonteine). Filippus stig die stad in 368 vC, want dit was op 'n baie strategiese plek geleë. Dit was geleë langs die *Via Egnatia* wat Filippi aan Neapolis (dien as Filippi se hawe) verbind het. Na die weste verbind hierdie hoofweg Filippi en Tessalonika. Daar is 'n reeks heuwels wat Europa van Asië, die Ooste van die Weste skei. By Filippi was daar 'n pas deur hierdie heuwels. Die stad het die pad tussen Europa en Asië beheer, want reisigers moes deur hierdie pas gaan. Geen wonder dat een van die geskiedkundigste veldslae hier plaasgevind het nie – dit is hier waar Antonius vir Brutus en Cassius verslaan het – 'n beslissende veldslag wat die toekoms van die Romeinse Ryk bepaal het.

(3) Filippi was 'n Romeinse provinsie. Romeinse provinsies was nie provinsies soos ons dit ken nie – 'n buitepos van die beskawing in onontwikkelde dele van die wêreld nie. Romeinse kolonies was militêr belangrik. Soldate wat hulle dienspelig voltooi en Romeinse burgerskap verkry het, is deur Rome uitgestuur om hulle by hierdie strategiese padverbindings te vestig. Gewoonlik is hulle in groepe van 300 soldate met hulle vroue en kinders uitgestuur. Hierdie kolonies was die fokuspunte van die Romeinse padsistiem – 'n padsistiem spesiaal so beplan dat militêre versterkings baie maklik van die een provinsie na die ander gestuur kan word. Hulle was dus baie belangrik vir die behoud van vrede in die Ryk. Aanvanklik het ons kolonies slegs in Italië gekry, maar mettertyd kom hulle verspreid oor die hele Romeinse Ryk voor. Later is die titel kolonie aan enige stad wat deur die regering vir getroue diens vereer is, toegeken. Kolonies was vrygestel van belasting en die Romeinse wet het gegeld.

Hierdie kolonies was in werklikheid klein stukkies van Rome. Hulle trots op hulle Romeinse burgerskap was hulle uitstaande kenmerk. Die taal, kleredrag, gebruike en seremonies was dié

van Rome. Hulle sou nie daarvan droom om deel te word van die mense van hulle omgewing nie. Luister net na Paulus en Silas se aanklaers in Filippi: *Hierdie mense is Jode wat moeilikheid maak in ons stad. Hulle wil vir ons gebruike leer wat ons as Romeine nie kan aanvaar of navolg nie* (Handelinge 16:20 – 21). 'n Romeinse burger het nooit vergeet dat hy 'n Romein is nie. [Ons vergeet so maklik dat ons Christene is.] Nêrens was mense trotser op hulle Romeinse burgerskap as juis hier in die kolonies nie.

Filippi was nie 'n groot stad nie. Dit is omring deur groot landerye. Die inwoners was 'n mengsel van veteraan soldate, Grieke, Masedoniërs en vreemdelinge. Die *Via Egnatia* het dwarsdeur die stad geloop. Langs die hoofpad kry ons die forum – die handel- en regeringsentrum. Daar was verskeie tempels en twee gemeenskaplike baddens. Die stadsmure en 'n indrukwekkende teater dateer uit die tyd van Aleksander die Grote.

In meeste stede van destyds was daar 'n groot aantal kultiese praktyke beoefen – so ook in Filippi. Soos 'n mens sou verwag van 'n Romeinse kolonie, was die keiserkultus belangrik. Die tempels by die forum was aan Augustus, Livia, Claudius en Rome gewy. Ons moet onthou dat die keisers destyds verantwoordelik was vir die handhawing van vrede, die administrasie van die reg, bystand in tye van swaarkry (byvoorbeeld hongersnood). Hulle het dus die funksies verrig wat mense destyds van gode verwag het.

Daar was ook tempels vir die tradisionele Griekse gode (Zeus, Apollo, Artemis, ens.). Die Filippense het selfs kultusse uit die Ooste (soos die Egiptiese kultusse van Isis en Osiris) verwelkom.

Was daar 'n Joodse gemeenskap in Filippi? As ons Lukas se beskrywing in Handelinge 16 lees, kry ons die indruk dat Paulus-hulle die eerste paar dae gesoek het na 'n sinagoge – sonder sukses. Lukas sê dat hulle tot die sabbatdag gewag het en toe na 'n rivier buite die stadspoorte gegaan het – *omdat*

ons gedink het daar sou 'n Joodse bidplek wees. Hierdie sogenaamde proseuche was 'n Joodse bymekaarkomplek (nie noodwendig 'n gebou nie) vir gebede op die Sabbat en vir onderrig in die tora. Die rivier is waarskynlik vir rituele reiniging gebruik.

Na so 'n nederige begin, is dit verbasend dat Paulus met soveel blydschap vir hulle kon bid:

Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydschap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie (Filippense 1:3 – 5).

Outeur: [Dr Coen Slabber](#)